# Die Dietse Verband.

Deur D. C. S. DU PREEZ.

Vooraf 'n enkele terminologiese en historiese opheldering. Die woord „diets" is 'n ou newevorm vir Duits, waarby dan egter spesiaal gedink word aan Nederduits (Nederland). Die woord het in die vorige eeu

**SAL die kulturele verdrag reg laat wedervaar aan Suid-Afrika en die Dietse verband en tot heil van beide volke gedy, dan moet dit steeds gesien word teen die agtergrond van God-Oranje-Nederland-Suid-Afrika, 'n verbinding wat sy onwankelbare en eeue-oue historiese fondament vorm.**

herlewe en word tans in België (Vlaandere) soms as sinoniem vir Vlaams gebesig. In Nederland word die woord egter gebruik met betrekking tot die hele Nederlandse stam- en taalgebied. So word dan gepraat van die Dietse stam, wat die Nederlanders, die Vlaminge en die Afrikaners van Nederlandse afkoms omvat.

Die Dietse Beweging of, soos dit ook soms genoem word, Die Groot-Nederlandse Beweging het teen die einde van die vorige eeu ontstaan en was aanvanklik slegs 'n kulturele beweging, gerig op die handhawing van 'n so nou moontlike band tussen die staatkundig geskeie dele van die Nederlandse (Dietse) stam, in Nederland, België en Suid-Afrika (selfs in Noord-Frankryk: Duinkerken) en op bevordering van die Nederlandse taal en kultuur, waar dit in die wêreld ookal aangetref word. Die eerste konkrete uitdrukking het hierdie strewe gevind in die oprigting van die Algemeen Nederlands Verbond, wat in 1898 te Brussel opgerig is en wat hom ten doel gestel het die versterking van die volkskrag by daardie groepe wat tot die Nederlandse of Dietse stam behoort, en opwekking van die bewussyn van daardie verwantskap, sonder origens 'n bepaalde staatkundige of godsdienstige rigting te propageer.

Namate die Vlaamse Beweging, ontstaan in die dertiger jare van die vorige eeu, as reaksie op die volledige verfransing van die Belgiese

openbare lewe, openlik in krag toegeneem het, het die Groot-Nederlandse beweging meer en meer 'n politieke aspek begin vertoon in die sin dat 'n groot deel van sy aanhangers, en met hulle 'n aantal Groot-Nederlanders in Noord-Holland, 'n herstel van die staatkundige verband tussen Noord-Nederland en Suid-Nederland wenslik geag het. Dit was veral in Vlaandere dat die Groot-Nederlandse gedagte aanhang verwerf het. In Noord-Nederland het die Hollanders in die algemeen min begrip getoon vir die kultuurstryd van die Vlaamse nasionaliste, en wat die politieke aspek van die Groot-Nederlandse gedagte betref, het dit beperk gebly tot 'n betreklik klein groepie van intellektueles.

In Noord-Nederland daarteenoor het die volk en die owerheid tydens die Tweede Vryheidsoorlog intens en sterk saam gelewe met die stamverwante in Suid-Afrika. Hiermee het ons dan aangeland by die Dietse verband soos dit destyds tot openbaring gekom het tussen Nederland en die republieke, heel aan die begin van die twintigste eeu. Natuurlik het nog lank na 1902 die belangstelling van Nederland in Suid-Afrika bly bestaan. Dit kon ook nie anders nie. Die helde van die Tweede Vryheidsoorlog het gelewe in die volksverbeelding, en manne soos genl. Christiaan de Wet, Koos de la Rey e.a. het geliefde en bewonderde figure geword in Nederland, ook by die jonger geslag. Hoe is diė boeke van Penning nie verslind deur oud en jonk nie! Later is 'n standbeeld vir genl. C. R. de Wet opgerig naby Apeldoorn en een vir president M. T. Steyn in Deventer, die stad wat hom gehuisves het.

Op die duur het hierdie bande egter verslap. Die liberale gees en tradisie vanuit Engeland in die eerste helfte van die twintigste eeu het 'n staatkundige versoening meegebring, waardeur die gevolge van die Tweede Vryheidsoorlog vir 'n groot deel van die Afrikaanssprekende element versag en vervaag het. Ekonomies egter het Albion sy greep behou en in die loop van die tyd verstewig. Die ekonomiese bande tussen Nederland en Suid-Afrika sou darem nie heeltemal geslaak word nie, maar tog was hulle nie so sterk as tussen Nederland en die Republieke nie. Ook het die studerendes hulle op die duur meer na Engeland as na Nederland gewend, al het die wetenskaplike en kultuurband, veral by die Calvinistiese volksdeel, tot op hede behoue gebly. Nog een faktor het meegewerk: Afrikaans het hom geleidelik tot 'n eie volwaardige spreek- en skryftaal ontwikkel. Hierdie taalontwikkeling beteken in 'n sekere opsig 'n verlies vir die Nederlandse stam. Die lektuur van die een taal is vir hulle wat in 'n ander taal opgevoed is, wel nie ontoeganklik geword nie, maar dit vereis tog veral by die jonger geslag meer inspanning en word daardeur vir steeds minder mense aantreklik.

Al het die kontak met Nederland die laaste dertig jaar stellig verminder, dit is daar gelukkig nog wel. 'n Lang periode van hartlike en vriendskaplike samewerking in verskillende vorme en op verskillende gebiede het nogtans bly bestaan, waarin die behartiging van die wedersydse belange toevertrou was aan private inisiatief, sonder die openlike en georganiseerde medewerking van die staat. Op besonderhede sal ons nou nie hier ingaan nie.

Om nou 'n sprong te maak na die jongste verlede. In 1929 is oor en weer gesantskappe ingestel—'n uiterlike bewys van die erkenning van die Unie van Suid-Afrika as internasionaal onafhanklike staat. Hierdeur het Suid-Afrika en Nederland mekaar, vir die eerste keer na die ondergang van die voormalige Republieke, op internasionale terrein ontmoet op die nivo van gelykberegtigde state; maar hiermee is dan ook die weg geeffen om te kom tot die tweede groot gebeurtenis van betekenis vir die Dietse verband, nl. die tot standkoming van die Kulturele Verdrag tussen die Unie van Suid-Afrika en Nederland, 'n verdrag wat bestaan uit 'n Aanhef en agt artikels. Dat hierdie verdrag juis tot stand moes kom op 31 Mei 1951 en in 1952, die jaar van die Jan van Riebeeck-feesviering, geratifiseer is, stem ons tot groot dankbaarheid en blydskap. Daarmee is een periode afgesluit en het 'n nuwe fase in die ontwikkeling van die Dietse verhouddinge op kultuurgebied 'n aanvang geneem. Dit verheug ons dat beide kante die staat met al die hulpbronne wat tot sy beskikking staan, ingeskakel is om aan die reeds bestaande samewerking op grond van gevoelens van vriendskap, taalverwantskap, geloofseenheid, eenheid van lewens- en wêreldbeskouing veral by die Calvinistiese volksdeel, sy beslag te gee.

Om rede van die belangrikheid van hierdie Kulturele Verdrag gee ons woordeliks die Aanhef en die eerste drie artikels, wat die kern van die Verdrag uitmaak: „Die Regering van die Unie van Suid-Afrika en die Nederlandse Regering, begerig om die vriendskaplike verhoudinge wat steeds tussen die twee volkere bestaan het, te handhaaf; met die wens om deur middel van vriendskaplike uitwisseling en samewerking tussen hulle onderskeie lande die kennis en begrip van sowel die geestelike, intellektuele, artistieke, wetenskaplike, opvoedkundige en tegniese bedrywighede, as van die geskiedenis en lewenswyse van die ander land in die ruimste mate te bevorder, het besluit om vir hierdie doel 'n Verdrag aan te gaan en het derhalwe Gevolmagtigdes benoem wat, behoorlik deur hulle onderskeie Regerings daartoe gemagtig, as volg ooreen gekom het:

### ARTIKEL I.

Ter bevordering van die voorgemelde doelstellings sal elke kontrakterende Regering die volgende aanmoedig: (a) die uitwisseling van uni-

versiteits-personeel, dosente, onderwysers, navorsers, studente en ander goedgekeurde persone; (b) samewerking tussen wetenskaplike kultuurverenigings in die twee lande; (c) besoeke oor en weer van uitgesoekte individue of groepe persone met die doel om kulturele samewerking te bevorder; (d) samewerking tussen erkende jeug-organisasies in die twee lande.

ARTIKEL 2.

Die kontrakterende Regerings sal wederkerig behulpsaam wees om die kultuur en kulturele doelstellings van die een land beter bekend te maak in die ander land deur middel van: (a) boeke, tydskrifte en ander publikasies; (b) lesings en konserte; (c) kuns- en ander uitstallings; (d) toneelopvoerings; (e) radio, rolprente en ander middels om die massas te bereik.

ARTIKEL 3.

Elke kontrakterende Regering sal beurse aan goedgekeurde gegradueerdes van universiteite van die ander land beskikbaar stel uit fondse wat vir daardie doel beskikbaar gestel mag word om hulle studie voort te sit, of om navorsingswerk te onderneem aan enige erkende universiteit in die land van die Regering deur wie die beurs beskikbaar gestel is."

Die orige vyf artikels maak o.a. voorsiening vir die toepassing van hierdie verdrag deur komitees wat elke kontrakterende Regering in sy land sal instel, die bekragtiging van hierdie verdrag en die duur van die verdrag—'n tydperk van minstens vyf jaar. Hierby kan ons net vermeld dat die twee Regerings by geleentheid van die ondertekening van hierdie verdrag die gesantskappe tot ambassades verhef het—wel 'n duidelike bewys van die betekenis wat in beide lande aan die gebeurtenis geheg word, en 'n aanduiding van die begin van 'n nuwe ontwikkeling.

Ten slotte wil ons ons groot en opregte waardering betuig aan ons Hoë Owerheid wat tot hierdie stap oorgegaan het. Maar tegelykertyd kan ons nie nalaat om daarop te wys dat die Dietse verbondenheid vir ons Calvinistiese volksdeel ingehou het, en nog steeds inhou, 'n hegte en onverbreeklike band met die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing soos dit in Nederland in die sestiende en sewentiende eeu ontstaan en ontwikkel het , en na 'n tyd van insinking in die agtiende eeu, weer tot nuwe bloei gekom het in die negentiende en twintigste eeu op alle gebiede van die lewe: op kerklike erf—die Gereformeerde Kerke in Nederland en Suid-Afrika met dieselfde belydenisskrifte—; op wetenskaplike gebied—'n Antirewolusionêre staatkunde en 'n Christelike politiek—; op die gebied van Onderwys en Opvoeding—Christelike laer- en middelbare

skole—; vraagstukke van die arbeid en arbeidsorganisasies—Christelike vakbonde. Dat al die prinsipiële antwoorde wat die Nederlandse Calvinisme op sy uiteenlopende vraagstukke gevind het, ook vir ons van groot belang is, spreek vanself. Nie om hierdie Nederlandse Calvinisme slaafs na te volg of klakkeloos oor te neem nie, maar om ons daarmee te verryk en ons eie Afrikaanse Calvinisme te verdiep en uit te bou, aangepas aan ons eie Calvinistiese volksaard. Ons wil saam met Nederland getuig teen allerlei onchristelike -ismes wat tot ons land oorgewaai kom. Ons wil saam met Nederland teruggryp na die skriftuurlikreformatoriese beginsels, na die Skrif as die enigste leerboek deur God aan ons gegee as sy Woordopenbaring lerende die ewige Waarheid oor Homself, onsself, sy skepping, met duidelike voorligting op alle probleme wat weens ons sonde in hierdie aardse lewe kan en sal opduik. Maar juis daarom is dit ook nodig dat die Calviniste van beide lande intensiewe voeling met mekaar moet verkry en ontwikkel.

Sal hierdie Kulturele Verdrag reg laat wedervaar aan Suid-Afrika en die Dietse verband en tot heil van beide volke gedy, dan moet dit steeds gesien word teen die agtergrond van God-Oranje-Nederland-Suid-Afrika, 'n verbinding wat sy onwankelbare en eeue-oue historiese fondament vorm.

* * * *

NASKRIF: Vir die opstel van hierdie artikel het ek o.a. insae gehad in die verslag wat voorgelê is aan sy Ed. die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap deur mnr. H. S. van der Walt, die Sekretaris van genoemde Departement, wat onlangs van Holland teruggekeer het, waar hy o.a. die toepassing van die bepalings van die Kulturele Verdrag met die Nederlandse Kommissie van Advies en Koordinasie bespreek het. Graag wil ek hiermee my opregte dank en waardering betuig aan mnr. H. S. van der Walt vir sy hulpvaardigheid en welwillendheid.

DIE SKRYWER.